Bewys van maandelikse inkomste – Necesse

Navrae: 086 0100 678
Faks: 012 336 9537 **E-pos:** subscriptions@medihelp.co.za
Posadres: Posbus 26004, ARCADIA, 0007
www.medihelp.co.za

Necesse is 'n inkomstegebaseerde voordele-opsie en dit vereis dat lede se maandelikse ledegeld aan die hand van aanvaarbare bewys van inkomste bereken moet word, om die voortgesette volhoubaarheid van die opsie te verseker.

Bewys van inkomste vir nuwe inskrywings en voordele-opsieverwisselings

Indien u nie vir Medihelp in kennis stel hoeveel u en u gade/gesel (indien die persoon as u afhanklike geregistreer is) se bruto maandelikse inkomste tydens u inskrywing op Necesse beloop nie, sal u outomaties ledegeld betaal volgens die opsie se hoogste inkomstekategorie. Indien die hoogste van u of u gade/gesel se bruto maandelikse inkomste minder is as die inkomste wat vir die hoogste inkomstekategorie (R11 001 en meer) aangedui word, moet u bewys van u bruto maandelikse inkomste aan Medihelp voorsien sodat bepaal kan word of u kwalifiseer om die laer maandelikse ledegeld van toepassing vir 'n laer inkomstekategorie te betaal.

Bewys van inkomste deur lede wat tans op Necesse ingeskryf is

Indien u ledegeld volgens die laer inkomstekategorie bereken word, moet u jaarliks bewys van u en u gade/gesel (indien van toepassing) se huidige bruto maandelikse inkomste aan Medihelp voorsien, selfs al het u maandelikse inkomste nie verander nie en moet u ledegeld steeds volgens dieselfde inkomstekategorie bereken word. Medihelp sal u aan die einde van elke jaar versoek om bewys van u inkomste te voorsien sodat u Januarie-premie bereken kan word, en u moet die toepaslike bewys van inkomste aan Medihelp stuur teen die sperdatum wat in die brief gemeld word. In sommige gevalle kan Medihelp ook gedurende die jaar bewys van inkomste versoek.

Indien Medihelp nie die bewys van inkomste teen die sperdatum ontvang nie, sal u maandelikse ledegeld aangepas word na die ledegeld vir die hoër inkomstekategorie. Ledegeldaanpassings na die volgende hoër inkomstekategorie sal vanaf u **Januarie-ledegeldpremie** toegepas word.

Indien u finansiële omstandighede deur die loop van die jaar verander en u Medihelp versoek om ledegeld volgens die laer inkomstekategorie te betaal, sal u versoek oorweeg word na ontvangs van die voltooide inkomsteverklaringsvorm en aanvaarbare bewys van u inkomste.

Watter inkomste moet u verklaar?

Dit is noodsaaklik dat u besonderhede voorsien van u inkomste sowel as dié van **u gade/gesel** wat as u afhanklike geregistreer is, aangesien Medihelp die hoogste van die twee inkomstes sal gebruik om u ledegeldkategorie te bepaal.

Die ingeslote dokument verduidelik die onderskeie bronne waaruit u en/of u gade/gesel (indien as u afhanklike geregistreer) moontlik inkomste kan verdien, sowel as die bewyse wat in elke geval deur Medihelp benodig word.

Lees asseblief die omskrywing van bruto maandelikse inkomste in hierdie dokument, aangesien dit verduidelik wat Medihelp benodig.

Lede wie se ledegeld deur hul werkgewer betaal word

Indien u werkgewer by Medihelp geregistreer is as 'n werkgewersgroep wat maandeliks 'n rekening ontvang om ledegeld namens hul werknemers aan Medihelp te betaal, mag dit wees dat u werkgewer reeds op 'n maandelikse basis of op versoek u bruto maandelikse ledegeld aan Medihelp verskaf. Indien u onseker is of u self u inkomste aan Medihelp moet verklaar en of u werkgewer dit sal doen, skakel asseblief Medihelp se Oproepsentrum by 086 0100 678.

Studente wat voltyds studeer

Studente wat hooflede van die Necesse-voordele-opsie is en voltyds aan 'n **tersiêre instelling** studeer en tans R600 of minder per maand verdien, kan kwalifiseer om hul maandelikse ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie te betaal deur bewys van hul **registrasie as voltydse studente** te lewer. 'n Aparte inligtingstuk met meer riglyne kan van Medihelp se Oproepsentrum versoek word indien dit op u situasie van toepassing is.

Voltooi die vorm en stuur dit terug aan ons

Om vertragings in die berekening van u ledegeld te voorkom, moet u asseblief die aangehegte verklaringsvorm volledig voltooi en onderteken, en dit met al die nodige dokumentêre bewyse aan Medihelp terugstuur. U kan dit na **subscriptions@medihelp.co.za** e-pos of na **012 336 9537** faks. U kan ook Medihelp se Member Zone by www.medihelp.co.za gebruik om u inkomste te verklaar en stawende dokumente in te dien.

Skakel gerus Medihelp se Oproepsentrum by **086 0100 678** indien u enige vrae het of meer inligting wil bekom.

medihelp
mediese skema

Uiteensetting en aanvaarbare bewys van inkomste

Bruto maandelikse inkomste

Bruto maandelikse inkomste sluit in alle vorme van vergoeding, selfs eenmalige betalings, ongeag die bron, voor enige aftrekkings. Dit sluit in beleggingsinkomste, inkomste uit trusts, inkomste uit 'n voltydse betrekking, pensioen en annuïteite, inkomste uit 'n professie/eie onderneming, toelaes uit ander bronne en WVF-betalings.

NB: Lede moet alle inkomste verklaar.

Berekening van maandelikse inkomste

- Jaarlikse bruto inkomste word deur 12 gedeel om die gemiddelde maandelikse bruto inkomste te bereken (bv. inkomste op u IRP 5 of ITA 34 aangedui).
- Die gemiddeld van drie maande se bruto inkomste word aanvaar as verteenwoordigend van 'n jaar se gemiddelde bruto maandelikse inkomste (bv. soos op drie maande se salarisadviese aangedui).
- Ongereelde inkomste: Die maandelikse gemiddeld word bereken deur die totale bruto inkomste wat oor 'n jaar verdien word deur 12 te deel.
- Jaarlikse enkelbetalings (bv. 13de tjek) word deur 12 gedeel om die maandelikse gemiddeld te bereken.
- Weeklone word met 52 vermenigvuldig en daarna deur 12 gedeel om die maandelikse gemiddeld te bereken.
- Werkgewerbydraes (bv. bydraes tot 'n pensioenfonds) word buite rekening gelaat.
- Eenmalige pensioenbetalings word buite rekening gelaat.

Pensionarisse
Dit sluit in:
- Pensioene en annuïteite

Aanvaarbare bewys van inkomste:
- Mees onlangse belastingaanslag – ITA 34
- Afgelope drie maande se pensioenbetalingsadviese. Indien u minder as drie maande se bewyse het, verskaf asseblief ook die afgelope drie maande se bankstate*
- SASSA-dokumente moet vergesel wees van die afgelope drie maande se bankstate*

Eie onderneming
Dit sluit in:
- Inkomste uit 'n beroep/professie, asook totale inkomste uit 'n onderneming verdien en ongereelde inkomste

Aanvaarbare bewys van inkomste:
- Mees onlangse belastingaanslag – ITA 34
- Brief van ouditeur/rekenmeester/belastingadviseur
- Afgelope drie maande se kommissie- en bankstate*

Inkomste uit voltydse betrekking
Dit sluit in:
- Basiese salaris, oortyd en kommissie
- Bonusse (alle tipes, bv. 13de tjek, produksiebonus ens.)
- Toelaes (alle tipes, bv. motor/reis, selfoon ens.)
- Byvoordele (bv. maatskappymotor)

Aanvaarbare bewys van inkomste:
- Afgelope drie maande se amptelike salarisstrokies
- Mees onlangse belastingaanslag – ITA 34
- IRP 5 van vorige belastingjaar
- Afgelope drie maande se kommissiestate en bankstate* waarop kommissie-inbetalings aangedui word
- 'n Amptelike aanstellingsbrief van 'n werkgewer wat nie ouer as drie maande is nie, wat die lid se bruto maandelikse inkomste aandui

Beleggingsinkomste
Dit sluit in:
- Rente, dividende en huurinkomste

Aanvaarbare bewys van inkomste:
- Brief van ouditeur/rekenmeester/belastingadviseur
- Mees onlangse belastingaanslag – ITA 34
- IT3(a) asook afgelope drie maande se bankstate*
- Huurinkomste – huurooreenkoms en afgelope drie maande se bankstate*

Werkloos
Dit sluit in:
- Individue wat geen inkomste uit 'n beroep/professie/onderneming verdien nie, of individue wat 'n toelaag ontvang

Aanvaarbare bewys van inkomste:
- WVF-betalings
- Afgelope drie maande se bankstate*

Inkomste uit trusts
Aanvaarbare bewys van inkomste:
- Laaste belastingaanslag – ITA 34
- Die afgelope drie maande se bankstate wat trust inbetalings aandui*

Studente
Dit sluit in:
- Lede wat voltydse studente aan tersiêre instellings is

Aanvaarbare bewys van inkomste:
- 'n Kennisgewing of brief ter bevestiging, op 'n amptelike briefhoof van die instelling waar die lid as voltydse student geregistreer is
- Nuwe studente wat die eerste keer registreer: 'n Amptelike brief van aanvaarding vir die spesifieke studiejaar

Voltydse studente wat 26 jaar of ouer is of wat afhanklikes het:
- Bewys van studies asook die afgelope drie maande se bankstate*

**Slegs die afgelope drie maande se amptelike bankstate waarop die rekeninghouer se voorletters en van aangedui word, sal aanvaar word. Dui asseblief duidelik op die bankstate aan watter betalings na u inkomste verwys.*
Medihelp kan addisionele bewyse tot dié hierbo genoem, vereis.

medihelp
mediese skema

Verklaring oor bewys van inkomste – Necesse

Navrae: 086 0100 678
Faks: 012 336 9537 **E-pos:** subscriptions@medihelp.co.za
Posadres: Posbus 26004, ARCADIA, 0007
www.medihelp.co.za

Instruksies:

1. Voltooi asseblief afdeling 1 en 2 in swart ink en teken die vorm.
2. **Raadpleeg die vorm "Uiteensetting en Aanvaarbare Bewys van Inkomste"** vir besonderhede van aanvaarbare bewys van inkomste.
3. Heg die nodige bewyse aan en stuur die dokumente saam met hierdie vorm aan Medihelp.
4. Voltydse studente hoef slegs hierdie vorm te voltooi indien hulle 26 jaar of ouer is OF geregistreerde afhanklikes het. **Dui asseblief by afdeling 2 aan dat u 'n voltydse student is.**
5. U hoef slegs u gade/gesel se inkomste te verklaar indien hy/sy u geregistreerde afhanklike is.

1. Lidmaatskapbesonderhede

Lid No. | | | | | | | |

ID-/paspoort No. | | | | | | | | | | | | | |

Titel | Mnr | Mev | Me | Ander (spesifiseer) |

Voorletters _____ Van _____

Telefoon No. _____

E-posadres _____

2. Verklaring van inkomste

Maandelikse inkomste beteken die bruto maandelikse inkomste voor enige aftrekkings.

Indien u nie 'n inkomste verdien nie, dui asseblief by "Beroep" aan dat u **geen inkomste verdien** nie.

Beroep van lid _____

Beroep van gade/gesel _____

Bron van inkomste	Gemiddelde maandelikse inkomste	
	Lid	Gade/gesel
Inkomste uit voltydse betrekking (salaris ens.)		
Pensioen / Annuïteit		
Inkomste uit beroep / professie / onderneming		
Werkloos (bv. WVF-betalings)		
Beleggingsinkomste (huur, rente, dividende)		
Inkomste uit trusts		
Ander (spesifiseer asseblief):		
Totaal		

Onthou asseblief:

- U aansoek om ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie te betaal, kan slegs oorweeg word na ontvangs van 'n **volledig voltooide en getekende verklaringsvorm** en die toepaslike bewyse.
- Die Reëls van Medihelp bepaal dat 'n bedrieglike daad soos die verskaffing van vals inligting oor u werklike inkomste tot die beëindiging van u lidmaatskap kan lei.

Ek bevestig dat ek al my inkomste verklaar het en dat die besonderhede waar en korrek is.

Handtekening van lid

Datum | 2 | 0 | j | j | m | m | d | d |